

’N BYBELSE STANDPUNT OOR GESTREMDHEID.

Deur Edward Orsmond, Simondium

Studie 1: Wat is die sin of betekenis
van gestremdheid?



Hoe moet hierdie Bybelstudie-materiaal benader word?

Hierdie Bybelstudie bevat genoeg inligting vir drie afsonderlike vergaderings of groepbespreking.

Elke groep behoort dus vooraf te besluit wat die geskikste benadering in hulle omstandighede gaan wees. Dit is moontlik om in een sessie deur die inhoud te gaan, maar dit word voorgestel dat die groep tog maar die opsie van drie sessies sal oorweeg.

Vir bespreking kan die studie in drie vlakke verdeel word:

Sessie 1: Kontemporêre vraagstukke i.v.m. gestremdheid. Beoordeling van ons eie konteks.

Sessie 2: Wat kan ons uit die Bybelse gegewens leer? Wat sê die Bybel oor gestremdheid?

Sessie 3: Interpretasie van die Bybelse gegewens. Toepassing daarvan in ons lewens.

Sessie I - Kontemporêre vraagstukke i.v.m. gestremdheid

1 Beoordeling van ons eie konteks. Standpunte insake die oorsake van gestremdheid

1.1 Sommige mense beskou gestremdheid uit ’n godsdienstige oogpunt

- Hulle meen die gestremdheid is deur sonde veroorsaak.
- Hierdie standpunt aanvaar gestremdheid as straf of vervloeking deur God.
- Dit word verbind met een of ander misstap van die verlede - deur die gestremde of sy/haar ouers/familie.

1.2 Ken u mense wat so dink oor die oorsaak van gestremdheid?

- Dink bietjie na oor hierdie vraag - formuleer u persoonlike ervaring en gedagtes

.....

- Bespreek hierdie kwessie met ander persone en stel vas hoe hulle die saak beskou. Maak notas oor hulle insigte

.....

1.3 Ware lewensverhale...

"Dit lyk mense vind dit moeilik om my gestremdheid te aanvaar. Hulle verstaan nie dat ek kerk toe kom vir geestelike versterking, soos enige ander persoon nie. As daar geleentheid is vir gebed by die kerk, draai hul almal dadelik na my toe en wil vir my bid dat my gestremdheid moet genees" - 'n dame met 'n mobiliteits-gestremdheid.

"Mense sê dat my persoonlike sonde die oorsaak is van my kind se gestremdheid. Hulle wil hê ek moet my sonde bely, dan sal hul bid vir die kind se genesing. Dit laat my egter vra: watter gestremdheid het ander mense as gevolg van hul sonde?" - 'n Ma van 'n kind met 'n gestremdheid.

"Waarom is baie kerke geneig om 'n verband te soek tussen gestremdheid en sonde?" - 'n Zulu-sprekende persoon met gehoorverlies.

1.4 . . . maar ook stories uit die Bybel...

- Wat kan ons leer uit Johannes 9?

.....

- Lees die hele hoofstuk en formuleer dan jou aanvanklike reaksie op die storie.

Sessie II - Wat kan die Bybel ons hieromtrent leer?

2 Bybelstudie oor die saak van gestremdheid.

2.1 Verdere aandag aan die storie van die naamlose bedelaar (Joh.9:1-12).

2.1.1 Lees verse 1-5 en dink na oor:

- Die situasie waarin Jesus Homself bevind (v. 1; lees ook Joh. 8:48-58).
- Die vraag van Jesus (Rabbi - Leermeester) se dissipels in vers 2.

- Wat Johannes ons vertel omtrent die oorsaak (rede) vir die man se blindheid.
- As jy teenwoordig was, hoe sou jy die dissipels geantwoord het?

.....

2.1.2 Kyk hoe Jesus die kwessie in verse 3-5 herformuleer het.

- Let op Sy reaksie t.o.v. die argument dat blindheid veroorsaak word deur sonde.
- Dink bietjie na oor Jesus se verduideliking dat die man blind was 'sodat die werke wat God doen ... gesien sal kan word.'
- Dink bietjie na oor jou insigte (op skrif of mondeling) terwyl jy dit bespreek met 'n vriend of groep

.....

2.1.3 Jesus lei die tema van goeie werke in en gebruik die beeld van dag en nag.

.....

- Let op wat Jesus sê oor die verhouding tussen Homself en God wat Hom gestuur het.
- Dink bietjie na oor Jesus se identifikasie van Homself as die 'lig van die wêreld' (m.a.w. as God).
- Formuleer jou eie begrip van die beeld van lig, asook die verhouding tussen Jesus en die Vader, ten einde dit te kan kommunikeer aan ander.

.....

2.1.4 Oorweeg die kern van hierdie storie deur oorweging te skenk aan die volgende stellings:

- Die man se blindheid as geleentheid om Israel se geestelike blindheid te openbaar.
- Die radikale verandering vanaf blindheid na volle gesig, as openbaring van Jesus se krag en gesag.
- Gee jou persoonlike oortuiging van wat die kernpunt van die storie is.

.....

2.1.5 Sou jy sê dat die lewe as 'n geheel (insluitend enige gestremdheid) God se werk in ons openbaar?

.....

2.2 Enkele notas oor die verdere verloop van die storie (Joh. 9:6-41)

2.2.1 Jesus open die man se oë en die bure reageer daarop (verse 6-12).

2.2.2 Die mense is verdeeld aangaande Jesus (vers 16). Kyk hoe verskil hulle interpretasies.

- Hulle dink Hy is nie van God nie (vers 16), maar 'n sondaar (verse 16 en 24);
- Die geneesde blinde meen Hy is 'n profeet (vers 17) en gee die eer aan God (verse 31-33);
- Mense wat Jesus as die Christus erken is summier uit die sinagoge verban (vers 22);
- Die Jode kon nie die genesingswonderwerk aanvaar nie (verse 16, 18-21);
- Dissipel van Jesus versus dissipels van Moses (verse 27-29).

2.2.3 Gee jou eie standpunt insake wat jy dink van God se wil en die goeie daad wat Jesus gedoen het (verse 31-33)

.....
.....
.....

Sessie III - Interpretasie van die Bybel; toepassing in ons lewens

3 'n Paar riglyne vir die bestudering van die Evangelie van Johannes.

Johannes gebruik telkens 'n interessante literêre tegniek om Jesus se lering in bepaalde situasies te dra. Hy beweeg vanuit 'n alledaagse ervaring en menslike behoefte, na 'n boodskap van God aan mense. Hy trek sy gehoor as't ware in die praktyk in, om hulle met God se wil te konfronteer. In Hoofstuk 9 gebruik Jesus die man se blindheid en die dissipels se vraag oor wie se sonde die oorsaak is vir sy blindheid, om die mense se gebrek aan insig te ontbloot. Jesus verwys Sy dissipels en die sogenaamde godsdienstige leiers na die Bron wat hulle diepste nood kan verlig. Die skrywer gebruik die tegniek om misverstand by die karakters in die verhaal te skep, sodat die regstelling van hulle misverstand hulle vir God laat sien. In hierdie verhaal gaan dit om 'n korreksie van die dissipels se verkeerde opvatting dat die man se blindheid die gevolg is van iemand se sonde.

Die posisie van ons teks binne die Johannes-evangelie blyk uit die volgende opsomming van die boek se geheel:

- 1:1-18 Proloog
- 1:19-12:50 Sy tekenwonders
- 13:1-20:31 Sy heerlijkheid
- 21:1-24 Epiloog

Hoofstuk 9 vorm deel van die Tekenwonders. Hoofstukke 1-12 bestaan uit vervlegte teken-vertellings (sewe) en voorafgaande of opvolgende verduidelikende redevoering. Dit is deur dialoog aan mekaar verbind. Die tipiese in die samestelling van die Johannes-evangelie is tekens, redevoeringe en die selfbekendmakende 'Ek is' -uitsprake van Jesus. In die afdeling Tekenwonders maak Jesus se tekens en woorde as deel van Sy openbare bediening, Sy Vader bekend.

- Die sewe wondervertellings beklemtoon elkeen op unieke wyse, die nuwe lewe gesetel in geloof in die geopenbaarde Seun van God.
- Drie van Jesus se selfopenbarende 'Ek is'-woorde benadruk die betekenis van die wondervertellings (6:35; 8:12; 11:25).
- Die ander vier beklemtoon ook nog dat die nuwe lewe in Jesus aangebreek het (10:7,9; 10:11; 14:6; 15:1).

3.1 Geloof in die Seun van die Mens en lewe as 'n gestremde persoon.

3.1.1 Bepeins die draai in die storie van die blinde man en sy geloof in Jesus Christus (verse 35-39).

.....

3.1.2 Die Fariseërs word uitgebeeld as die blindes want hulle glo nie in Jesus nie (verse 4-41).

3.2 Jesus omhels alle mense ...

3.2.1 Dink aan jou persoonlike ervaring t.o.v. die sosiale lewe en die uitsluiting van mense.

3.2.2 Beskryf jou eie ervaring wat betref uitsluiting van enige sektor van hedendaagse sosiale lewe.

Formuleer jou persoonlike ervaring en gevoelens in hierdie verband.

3.2.3 Beskryf jou eie begrip van wat jy reken Jesus van die Kerk / geloofsgemeenskap verwag m.b.t. die handhawing van inklusiewe en gasvrye ruimte.

Wat kan elke lid (liggaamlik gesonde asook gestremde persone) doen om so 'n omgewing te skep?

.....

.....

3.3 Volgens die Johannes-evangelie ...

3.3.1 Het Jesus gekom om 'n kerk wat vir almal oop is te stig - gestremdes (5:1-9), sondaars (8:1-11), hulle wat onwelkom in die samelewing is (4:40-42), en die wat sosiaal uitgesluit is (9:35).

3.3.2 Hoe raak hierdie siening van die Kerk die argument dat gestremdheid deur sonde veroorsaak word?